Taalstrukture en -konvensies

Naam:

Lees weer die koerantberig "Ernie Els begin skool in die VSA" in hierdie week se Lees en kyk-werkkaart en beantwoord dan die taalvrae wat daarmee verband hou.

Woordeskat

outisme – autism
hoeksteen – corner stone
navorsingsfasiliteit – research facility
liefdadigheid – charity
opvoedkundige sentrum – educational centre

1. Voltooi die **trappe van vergelyking** van die volgende woorde:

groot	_____	_____
waar	_____	_____
_____	makliker	_____
slim	_____	_____
belangrik	_____	_____

2. Kyk na die volgende paragraaf en beantwoord die vrae:

"My seun het erge outisme, maar hy is 'n sensitiewe en gelukkige kind. Jy kry egter kinders wat skree en hul kop teen 'n muur stamp. Ben is lief vir rekenaars, en ander kinders se toekoms lê dalk in musiek. Ons moet hulle help om te vind wat hulle gelukkig maak."

2.1. Skryf twee **abstrakte soortname** neer:

_____ _____

2.2. Skryf twee gewone **soortname** neer:

_____ _____

2.3. Skryf twee **voorsetsels** neer:

_____ _____

2.4. Skryf twee **byvoeglike naamwoorde** neer:

_____ _____

© e-classroom 2015

3. Rangskik die volgende sinne in **chronologiese volgorde**:

   3.1. Ben vier aanstaande maand sy 13e verjaarsdag.

   3.2. Ernie Els het dekades gelede begin gholf speel.

   3.3. Daar is videokameras in die klaskamers.

   3.4. Ernie het ses jaar gelede begin droom oor 'n outistiese skool.

   _____ _____ _____ _____

4. "Hulle het daarmee die eerste **fase** van 'n reis wat ses jaar gelede begin het, afgesluit."

   4.1. Skryf 'n **sinoniem** vir die vet gedrukte woord neer: _____

   4.2. Skryf 'n **homofoon** vir die onderstreepte woord neer en maak 'n sin daarmee sodat die betekenis duidelik is. _____

   _____

   _____

5. Skryf **antonieme** vir die volgende woorde neer:

   5.1. waar _____

   5.2. staan _____

   5.3. buite _____

6. Skryf die volgende paragraaf oor en voeg die korrekte **lees- en skryftekens** in:

   ernie els en sy vrou liezl se droom is bewaarheid met die opening van die outistiese skool in florida in die vsa hy het met die opening opgewonde uitgeroep hoera sy seun ben is ook in die skool en word in september 13 jaar oud

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

© e-classroom 2015

Antwoordblad

1.

groot	groter	grootste
waar	waarder	waarste
maklik	makliker	maklikste
slim	slimmer	slimste
belangrik	belangriker	belangrikste

2. 1. outisme; toekoms; musiek (enige twee)
   2. kind; muur; rekenaar (enige twee)
   3. teen; in
   4. erge; sensitiewe; gelukkige (enige twee)

3. 3.2 ; 3.4 ; 3.3 ; 3.1.

4. 1. Stadium
   2. rys
   (enige sin wat die betekenis duidelik maak van "rice")

5. 1. onwaar
   2. sit
   3. binne

6. **E**rnie **E**ls en sy vrou**,** **L**iezl**,** se droom is bewaarheid met die opening van die outistiese skool in **F**lorida**,** in die **VSA. H**y het met die opening opgewonde uitgeroep**:** "Hoera**!" S**y seun**,** **B**en**,** is ook in die skool en word in **S**eptember 13 jaar oud**.**

© e-classroom 2015